

PUILA INVUILA

Graan SA tydskrif vir
ontwikkelende produsente

Goeie bestuur gee jou 'n voorsprong

LEES BINNE:

- 5 > Sonneblom – oes, hantering en stoor
- 9 > Die belangrikheid van oesskatting
- 12 > Beheer ongewenste onkruidsaad by mielies

VERSORG JY JOU DIERE DEEGLIK? OF TOON DIE WEIDING OP DIE PLAAS TEKENS VAN OORBEWEIDING? HET JY DIE BEVREDIGING OM 'N SUKSESSVOLLE OES TE SIEN? ONDERSOEK JY JOU LANDE NA OESTYD?

Wat maak een produsent meer suksesvol as 'n ander? Dit kan eindeloos bespreek word. Maar uiteindelik is alle redes verwant aan die gehalte van bestuur en in die geval van 'n boerdery-onderneming boerderybestuur.

Definisie van boerderybestuur

Daar is verskeie definisies vir boerderybestuur, maar 'n kombinasie van al die definisies is min of meer soos volg "die doeltreffende gebruik of 'n kombinasie van alle hulpbronne, menslike en fisiese, om die doelwitte van die boerdery-onderneming te bereik."


'n Bietjie teoreties, sal sommige sê, maar kom ons ontleed die definisie deur te begin by die doelstellings of oogmerke van 'n boerdery-besigheid. 'n Mens kan waag om te sê dat die algehele of belangrikste doel sou wees om 'n wins en so-doende 'n volhoubare wins te maak. Ja, daar kan

bykomende doelwitte wees, soos om die standaard van jou lewe te verbeter, om 'n produk te produseer wat verbruikers sal verkies ensovoorts. Maar alle bykomende doelwitte kan slegs bereik word indien daar uiteindelik 'n wins gemaak word. Alhoewel dit nie regtig 'n doelwit is nie, verkies baie produsente om aan te bly en 'n boerdery-besigheid te bestuur as gevolg van die goeie lewe wat dit bied. Wanneer daar geen winste gemaak word nie, is selfs die goeie lewe nie so goed nie. In finansiële terme sal die doelwit wees, 'n goeie opbrengs op jou belegging, maar ter wille van die eenvoud sal ons na 'n wins verwys. In die mees basiese vorm word wins bepaal deur inkomste minus uitgawes ($P = I - E$ of $I - E = P$).

Die menslike en fisiese hulpbronne, soos genoem in die definisie, ook verwys na as produksiefaktore, is bestuur, arbeid, grond en kapitaal. Arbeid verteenwoordig alle werknemers. Grond verteenwoordig die fisiese land (grond), plantegroei (weiding), water). Kapitaal is die term wat gebruik word vir fisiese geld en ander vaste bates soos geboue, heinings, krale, skure ens. en roerende bates soos voertuie, implemente, trekkers, beesboerdery en produksie-insette ensovoorts.



7



9



Mme Jane sê...

Ten spyte van baie pogings om onkruid te beheer, het ons gevind dat gedurende hierdie besonder nat seisoen, baie produsente gesukkel het om onkruid te beheer. Hierdie jaar was 'n goeie voorbeeld om produsente te wys dat die gebruik van chemiese onkruidbeheer die pad is om te loop! In baie gevalle was die lande te nat vir produsente om tussen die rye te plant en in baie gevalle het produsente die stryd teen onkruid verloor.

Dit is 'n goeie tyd om te kyk na jou lande sodat jy ten volle bewus is van die probleme wat jy sal moet oorkom volgende jaar. Onkruid moet jou nooit verras nie – hulle kan wees meerjarige onkruid wat teenwoordig was in die land vir baie seisoene, of volgende jaar se onkruid sal wees van onkruidsaad wat op die grond geval het gedurende die huidige seisoen. Dit is nie te laat om 'n verskil in jou lande te maak nie. Onthou die volgende:

- Moet nie klein oppervlaktes onkruid ignoreer nie, kry beheer oor die oppervlakte voordat dit versprei.
- Identifiseer die onkruid korrek sodat jy jou vyand ken en in staat is om 'n poging aan te wend om dit te beheer.
- Moet nooit toelaat dat die onkruidplant saad skiet nie, die meeste meerjarige onkruid vermeerder vegetatief en deur saad.
- Bestuur die onkruid by konvensionele gewasproduksie. Onthou om uit te vind oor moontlike onkruid-doders wat gebruik kan word om die onkruid te beheer.
- Moet nie toelaat dat onkruid vrylik op die wenakker groei nie – (of kant van die land). Ernstige besmettings kan hier begin en later uitbrei na die land.
- Maak seker dat jou saadbedvoorbereiding goed is, daar mag geen onkruid in die land wees voordat jy plant nie. Dit sal die gewas 'n kans gee om te ontwikkel sonder kompetisie.
- Indien onkruid teenwoordig is, oorweeg die gebruik van geen-bewerking metodes sodat jy die onkruid chemies kan beheer.
- Bewerk lande waar meerjarige onkruid teenwoordig is. Die bewerking het 'n negatiewe uitwerking op die onkruid. (Sien punt hierbo, in sommige gevalle kan chemiese onkruidbeheer die beter keuse wees).
- Wees versigtig om nie die onkruid meganies te versprei deur van die wortel segmente, knolle en wortelstokke na 'n skoon land deur middel van meganiese toerusting te vervoer nie. Die haas om by die volgende land uit te kom, veroorsaak dat mense die skoonmaak van toerusting ignoreer.
- Identifiseer die areas op u plaas waar hierdie onkruid teenwoordig is in die herfs, sodat jy kan onthou om dit te bestuur in die volgende seisoen.

Gelukkig lyk dit asof die pryse vir alle graan styg – ek hoop dat hierdie tendens so sal voortduur sodat jy, die produsent, wins kan maak nadat jy geoes en jou gewas verkoop het. Onthou dat boerdery meer is as net 'n lewenswyse – dit is 'n besigheid en jy moet fokus op wins, sodat jy 'n volhoubare produsent kan wees.



Hoe word ek 'n lid van Graan SA?

ENIGE PERSOON WAT 'N GRAANPRODUSENT IS, KAN 'N LID VAN GRAAN SUID-AFRIKA WORD. DAAR IS VERSKILLENDE Tipes LIDMAATSKAP VAN HIERDIE ORGANISASIE, MAAR DIE MEES ALGEMENE IS VOLLE KOMMERSIËLE LEDE EN STUDIEGROEPLEDE.

Die gelde betaalbaar om 'n volle kommersiële lid te word, is 'n bedrag van R2 per ton vir elke ton graan gelewer, met 'n minimum fooi van R570 (BTW ingesluit).

Daar is studiegroep lidmaatskap wat R10 per studiegroep lid per jaar kos. As daar mense is wat graag 'n studiegroep wil vorm en 'n lid van Graan SA wil word, kontak gerus jou naaste Provinsiale Koördineerder, wie se name en kontakbesonderhede op die agterste bladsy van hierdie nuusbrieff verskyn. Die doel van die studiegroepe is om gereelde vergaderings te hou, waartydens alle aspekte van graanproduksie bespreek word. Om 'n lid van 'n studiegroep te wees, beteken ook om toegang te hê tot die talle kursusse wat deur Graan SA dwarsdeur die jaar aangebied word.

Ons hoop dat meer en meer ontwikkelende produsente volwaardige kommersiële lede van Graan SA sal word deur die betaling van hul heffing van R2 per ton vir elke ton wat hulle oes. Graan SA benodig jou lidmaatskap sodat ons kan beding namens al die graanprodusente in Suid-Afrika.

JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE



1 Goeie bestuur gee jou 'n voorsprong

Die vier bestuurstake

Bestuursaksie bestaan uit vier bestuurstake naamlik, beplanning, organisering, implementering en beheer waarvolgens;

- **Beplanning** is wat om te doen, hoe om dit te doen, wanneer om dit te doen.
- **Organisering** is wie wat sal doen, wanneer dit gedoen sal word, waar dit gedoen sal word (toewysing van hulpbronne).
- **Implementering** is om prakties en fisies uit te voer wat beplan en georganiseer was.
- **Beheer** is om te vergelyk wat gebeur het, goed of nie so goed nie, wat beplan en georganiseer was en om redes te soek vir afwykings ten einde in die toekoms te verbeter.

Terselfdertyd, terwyl elke bestuurstaak toegepas word, moet die produsent/bestuurder die leier wees, hy moet besluite neem, intern en ekstern kommunikeer, werk deleger, afdelings koördineer, sy werkers motiveer en dissipline in stand hou, informeel sowel as formeel.

Om in 'n posisie te wees om volhoubare wins te maak en al die doelwitte te bereik moet 'n boerdery-onderneming 'n produk vervaardig en in staat wees om die produk te verkoop – dit moet dus voldoen aan die behoeftes van kliënte. In breë terme kan produkte voedsel, vesel, hout of wild wees. Die uitdrukking "behoeftes" sluit in aspekte soos gehalte en hoeveelheid van die produk, spesifieke tyd van aflewering en /of konstante lewering, die plek van lewering en verpakking.


Ten opsigte van die basiese formule van inkomste – uitgawes = wins / verlies ($I - E = P / L$), is dit belangrik om te onthou dat wat ons doen of by tye nie doen wat gedoen moes gewees het nie, in terme van ons

besigheid uiteindelik weerspieël in ons formule. Inkomste kan verhoog of verlaag word en dieselfde met uitgawes. Moet ons kyk na alle telefoonoproepe wat ons maak? Is alle oproepe regtig nodig? Oorweeg ons alle reise na die stad? Gee ons ons vee aanvullende voeding wanneer nodig? Laat ons ons trekkers en ander masjinerie gereeld diens en onderhou?

In die lig van die bespreking kan die term plaasbestuur verduidelik word om jou werknemers, jou grond en alle onroerende en roerende bates waaronder produksie-insette, te beplan, organiseer, implementeer en te beheer, die neem van besluite, kommunikeer, deleger, medekoördineer, te motiveer en die handhawing van dissipline om produkte wat kliënte benodig, teen 'n wins te produseer. Diagrammaties soos onder geïllustreer.

Die vrae by die begin van die artikel kan nou gewysig word deur te vra, beplan jy, organiseer jy, implementeer jy en beheer jy om jou vee behoorlik te versorg? Is die produksie van 'n gewas behoorlik beplan, georganiseer, geïmplementeer en beheer, insluitend byvoorbeeld 'n aspek soos grondontleding?

Die vier bestuurstake kan ook gesien word as die wiele van 'n voertuig of 'n trekker. Elke wiel moet behoorlik opgeblaas wees om die voertuig/ trekker effektief vorentoe te laat beweeg. Indien net een wiel nie behoorlik opgeblaas is of heeltemal pap is, sal die voertuig steeds in staat wees om vorentoe te beweeg, maar met minder doeltreffendheid en vroeër of later skade veroorsaak in so 'n mate dat die voertuig tot stilstand kom. Dieselfde sal gebeur met 'n besigheid. Indien een van die bestuurstake nie behoorlik uitgevoer word nie, sal jou besigheid nog steeds 'n wins maak, maar vroeër of later, vyf of tien jaar of later, sal jou besigheid tot



BESTUUR = PRODUK

Goeie bestuur gee jou 'n voorsprong

stilstand kom. En dit is ook 'n uitdaging vir die toekoms, as jou bestuur nie elke jaar verbeter nie, sal jou besigheid uiteindelik tot stilstand kom, omdat nie meer wins gemaak word nie. 'n Mens kan nie dinge dieselfde doen elke jaar nie, jy moet verbeter deur jou inkomste en/of beheer van jou uitgawes.

Inkomste kan verhoog word deur byvoorbeeld hoër pryse en/of hoër produksie per eenheid (mielies – ton/hektaar) en/of verbeterde produksiebeplanning (presisieboerdery) en/of verhoogde produktiwiteit en/of 'n verandering van ondernemings en/of diversifiseer.

Koste kan beperk word byvoorbeeld deur bedinging vir laer pryse van insette en/of verbeterde produksiebeplanning (presisieboerdery) en/of vermindering van koste soos deur die vermindering van personeel en/of behorende koste deur die implementering van begrotings en/of hoër produktiwiteit.

Binne die boerdery besigheid moet die eienaar/bestuurder die volgende areas bestuur:

- Produksiebestuur (fisiese produksie van produkte);
- Aankopebestuur (aankoop van produksie insette en bates);
- Bemakingsbestuur (verkoop van produkte);
- Finansiëlebestuur (bestuur van finansies, insluitend BTW, boedelbeplanning, risiko en onsekerheid);
- Administratiewebestuur (kantoor en rekords);
- Menslike hulpbronnbestuur (personeel);
- Openbareverhoudingsbestuur (verhoudings en kommunikasie);
- Bate (beheer, instandhouding en verkoop van bates) en voorraadbeheer (beheer van produksie-insette); en
- Algemenebestuur (aspekte soos beroepsgesondheid en-veiligheid, brandbeheer en plaasveiligheid).

Alhoewel die areas apart genoem is, is dit verwant aan mekaar en terwyl jy besig is om een area te bestuur (beplan of organiseer of uitvoer of beheer), sal jy heel waarskynlik besig wees om een of meer van die ander areas ook te bestuur. Terwyl jy byvoorbeeld besig is met produksie bestuur, kan jy ook besig wees met finansiële bestuur, aankoopbestuur en menslike hulpbronnbestuur. Dit maak boerderybestuur so 'n uitdaging.



Dit is egter ook waar dat mens nie kan bestuur sonder inligting nie, beide intern en ekstern. Inligting moet dus soveel as moontlik versamel word, en kan slegs gedoen word deur lees, luister, waarneming en rekordhouding. Almal moet vertrouwd wees met die uitdrukking, as jy nie kontroleer nie, kan jy nie bestuur nie. As jy nie weet dat die kalfpersentasie van jou vleisbeeste slegs 60% is nie, wat gaan jy doen om die kalfpersentasie te verbeter? Jy begin dus met rekordhouding, dan versamel jy inligting oor die redes vir die swak kalfpersentasie en dan hoe om die moontlike oorsake te verbeter of reg te stel. Dieselfde geld vir byvoorbeeld die opbrengs van jou oes, melkproduksie, die produksie van wol, groeipersentasie van jou braaikuikens of wat ook al.

Laastens moet ons as plaasbestuurders ook onthou dat dit is deel van ons verantwoordelikheid om die bewaring van die omgewing in ag te neem wanneer ons ons besighede bestuur deur die toepassing van goeie landbou praktyke.

**INLIGTING SAAMGESTEL VANAF DIE BOERDERYBESTUUR VIR WINS
HANDLEIDING DEUR MARIUS GREYLING**



Olie- & Proteïensade

Sonneblom – oes, hantering en stoor

DIE PRODUSENT MOET SEKER MAAK DAT KWALITEITBEHEER BEGIN BY DIE BEPLANNING EN VOOR-PLANT STADIUMS EN ENIGE BESTUURSAKSIE INSUIT WAT OPTIMALE PRODUKSIE VERSEKER.

Sekere faktore om in gedagte te hou en wat die finale kwaliteit van die saad geoes kan beïnvloed is: grondvoorbereiding, gronddiepte, pH, minerale balans, opgegaarde vog, kultivarkeuse, korrekte bemesting, onkruid en plaagbeheer en oes op die regte stadium en behoorlike hantering, insluitend skoonmaak, droog en stoor metodes.

Oes

Oes is 'n belangrike en kritiese operasie vir 'n boerdery-onderneming. Oes is die eerste stap in die na-produksie stelsel, insluitend die verwerking, berging en bewaring van die sonneblomoes. Binne die verskillende produksiegebiede in Suid-Afrika dek oes, stoor en verwerking 'n verskeidenheid aktiwiteite, van die pluk en die stoor van die hele sonneblomkop om later te dors op klein plase, tot volle meganiseerde kommersiële graanboerdery.

Meganiese oes van sonneblom

Tydsberekening

Sonneblom word gewoonlik gestroop voor die mielie-oes; in 'n normale jaar van die einde van Februarie vir saad wat vroeg geplant is, tot Mei vir saad wat laat geplant is. Hierdie oesaksie kan gewoonlik afgehandel word voordat met die oes van mielies begin word. Dit is belangrik vir kleiner boerderye om dieselfde stropers te gebruik om sonneblom en mielies te oes. 'n Produsent kan gebruik maak van 'n kontrakteur wat stropers verstel vir mielies en/of sonneblom. Die tydperk tussen volwassenheid en oes moet so kort as moontlik gehou word om verlies van voëlskade en kop-vrot siektes te verminder.

Sonneblomplante is fisiologies volwasse wanneer die agterkant van die kop verkleur het van groen na geel, 'n verandering wat gewoonlik plaasvind voor die koppe droog genoeg is om te oes. Sonneblom wat later geplant is, sal eers gereed wees vir oes na swartryp vroeg in die wintermaande. Gebruik 'n vogmeter voor oes om vogvlakke in die gewas te monitor tydens en na fisiologiese rypwording, om te verseker dat die gewas geoes word teen die optimum tyd. As jy self nie 'n vogmeter besit nie, kan monsters met gereelde tussenposes geneem word en aan jou plaaslike silo-operateur gegee word, of in oorleg met jou stroperkontrakteur, om so te besluit wanneer dit die regte stadium is om te oes.

Om saadverlies tydens stroop te verminder, asook verlies as gevolg van voëls, kan sonneblom teen 'n voginhoud so hoog as 20% tot 25% geoes



word en dan gedroog word in 'n graan droër tot 9,5%, wat 'n veilige voginhoud is vir stoor in 'n silo. Toestande in Suid-Afrika is egter gunstig vir die volledige droog van sonneblom op die land voor oes. Dit moet altyd in gedagte gehou word dat sonneblom met 'n voginhoud bo 10% baie vatbaar is vir swamme.

Stroop

'n Stroper se spoed moet tussen vyf en agt kilometer per uur wees. Die optimum spoed sal afhang van die voginhoud en opbrengs van die sonneblom. Spoed moet verminder word as die saad se voginhoud verlaag om die verlies aan saad te verminder wanneer die koppe in die stroper gevoer word. Hoër spoed is moontlik indien die saadvog tussen 12% en 15% is.

Die hoër spoed behoort nie die silinder en die siwwe te oorlaai nie, behalwe by 'n baie goeie oes. Saad met 12% tot 15% vog sal baie maklik dors terwyl dit deur die silinder beweeg.

Stroperaanpassings

'n Opsomming van sommige van die probleme by stroper verstellings en moontlike oorsake, word getoon in die tabel op bladsy ses.

Sonneblom – oes, hantering en stoor

Probleem	Moontlike oorsaak/oplossing
Gedeeltelik gedorste koppe op die grond.	Konkaaf spasiëring te wyd.
Oormatige uitskot.	Lugvloei te laag, oormatige dorsaksie by die drom/rotor. Kafsifopeninge te klein.
Oortollige afvalmateriaal in die opvangbak.	Oormatige dorsaksie, dromspoed te hoog, konkaaf opening te klein, windtoevoer te laag, of sif te wyd.
Gebreekte koppe.	Hoë drom/rotor spoed, klein konkaaf spasiëring.
Gekneusde saad met 'n dop wat nog heel is.	Konkaaf spasiëring te nou.
Ontdopte of gebreekte sade.	Hoë drom/rotor spoed, of oormatige materiaal.
Ongedorste koppe op die grond.	Swak inname by die tafel.
Sade uitgegooi by die agterkant van die stroper.	Spoed/lugvloei, verlaag masjienspoed en windspoed.

Oesverliese wissel van 3% tot 5%, maar kan tot 10% of 15% onder baie moeilike omstandighede wees. Meganiese stropers moet gekontroleer word vir doeltreffendheid deur verliese voor en na die stroper 'n toetsstrook gestroop het, te bepaal.

Vogmeters

Om te verseker dat die produsent beheer het oor die voginhoud van oes en stoor is dit noodsaaklik om toegang tot 'n moderne vogmeter te hê of om jou eie te koop as jou produksievolume dit regverdig.

- Akkurate vogtoetse is belangrik by die bestuur en bemarking van graan.
- Skatting of onakkurate toetse kan lei tot:
 - Bederf as graan te nat is en gestoor word in silos met lae temperatuur of natuurlike lugdroog silos.
 - Ekstra droogkoste en verlies indien graan te nat geoes word.
 - Krimping vanweë vogverlies en ekstra droogkoste.
 - Verlies aan die waarde van die gewas.

Vir akkurate vogtoetse moet 'n verteenwoordigende monster eers geneem word.

Monsters

- Verkryging van 'n verteenwoordigende monster voor oes, omdat die voginhoud van sonneblom wat nog nie ge-oes is nie, maklik oorskat kan word. Dit lei daartoe dat later ge-oes word.
- Stroop 'n gedeelte en toets dit dan.
- Meng koppe wat met die hand gepluk is en vryf saad van verskillende plante af wat oor die hele land gepluk is. Kry drie toetse vir hierdie monster en kry die gemiddeld van die resultate.
- Neem die monster na jou plaaslike silo operateur vir akkurate toetsing.
- Kontroleer gereeld nadat die koppe verkleur het na geel, sodat die gewas geoes kan word teen die optimum voginhoud.

Stoor op die plaas/dorp

Metaal silos

Waarskynlik die beste opsie vir 'n produsent op kommersiële produksie vlak. Baie gegalvaniseerde staal graansilos is beskikbaar en wissel van 30 tot duisende ton. Indien fondse beperk is, kan 'n paar kleiner silo's van sowat 30 ton opgerig word wat deel uitmaak van 'n graanhantering en opberging stelsel wat geskoei is op toekomstige produksie volumes.

Faktore en oorwegings wat die oes en stoor van graan deur produsente beïnvloed, hang af van die vraag of die produsent geen stoorplek het, of

sy eie stoorplek het vir 'n gedeelte van die gewas of vir al die mielies geproduseer. Die groter produsente sal waarskynlik slegs fasiliteite hê om 'n gedeelte van die hoofgewas wat geproduseer word, te hanteer. Groter plase is geografies versprei en dit is waarskynlik meer koste-effektief om te lewer aan 'n kommersiële silo direk van die land, eerder as om dit op die plaas in 'n silo te plaas en dan weer aan die kommersiële silo's te lewer.

Die produsent met sy eie stoorplek

As jy jou eie hanteringsfasiliteite het, insluitend skoonmaak, droog en stoor, kan die graan so gou geoes word as wat dit gereed is om te dors, skoongemaak word, gedroog word, gestoor en verkoop word teen die optimum tyd met inagneming van die bemarking en verkoop reëlins wat getref is. Indien die gewas so gou as moontlik geoes kan word, kan enige verdere verlies as gevolg van weer en ander risiko's verminder word.



Die produsent wat geen stoorplek het

Sonneblom geproduseer op plase sonder bergingsfasiliteite, sal gewoonlik geoes word en onmiddellik in grootmaat vervoer word na die plaaslike silo's. Die produsent sal moet wag vir die oes om droog genoeg te word vir lewering aan die plaaslike silo. Die graan moet droër as 10% wees om te voldoen aan gepubliseerde standaarde vir sonneblom.

Bly in verbinding met jou plaaslike silo operateur om uit te vind teen watter maksimum voginhoud die graan gelewer kan word. Tydens hoë opbrengs seisoene sal die silo operateur nie in staat wees om groot volumes mielies met 'n hoër voginhoud te hanteer nie. Die kontrakteur moet begin oes teen 'n voginhoud wat onmiddellik gereed is vir lewering.

Hoewel dit 'n voordeel is om jou eie stoor fasiliteite te hê, is daar risiko's en groot finansiële belegging betrokke vir toerusting en die bestuur van hantering, skoonmaak, droog, berokings vir insekte, en die berg van die gewas teen die optimale voginhoud.

Behoorlike sonneblomsaad berging

Vir 'n produsent wat reeds sy eie silo's het, sal die volgende kontroles en prosedures help om jou graan voor verkoop, suksesvol te stoor.

- Maak die fasiliteit deeglik skoon. Maak die stoor deeglik skoon, asook die opname put, awegaar, vervoerband, ventileerders en buise, deur die verwydering van enige aanpaksel en ou graan wat insekte of swamme huisves. Seël krake en barsies wat kan veroorsaak dat insekte, swamme of vog die stoor kan binnedring.
- Oorweeg die gebruik van 'n goedgekeurde silo behandeling vir insekte. Behandel die binnekant van die silo en onder die ventilasie vloer met 'n bespuiting teen insekte. Maak seker dat die chemiese middel geregistreer is vir gebruik by sonneblom en volg die etiketinstruksies noukeurig.
- Maak seker dat die opgebergde graan skoon is van vreemde materiaal en wollerigheid. Sonneblomsaad wat gestoor met oormatige vreemde materiaal, gebreekte sade, en onkruidsaad maak dit meer vatbaar vir swamme en insekte. Hierdie materiaal het gewoonlik 'n hoër voginhoud en kan verhitting veroorsaak. Dit is raadsaam om 'n stofsuier te installeer na die opname put of awegaar of vervoerband voordat die skoon saad in grootmaat gestoor word.
- Gewasse stoor die beste as hulle koel, droog en skoon is.
- Berg teen 'n veilige voginhoud. Sonneblomsaad moet geberg word teen 10% of minder vog as jy van plan is om die oes binne ses maande na oes te bemark.
- Silo ventilasie sisteme is die sleutel. 'n Ventileerder is bedoel om sonneblom af te koel. Ventileerders moet afgeskakel word tydens hoë humiditeit of reënweer.
- Kontroleer die saad. Weeklikse monsters moet geneem word totdat temperature afgekoel is tot wintertemperatuur. Monsters moet elke vier weke gedurende die winter geneem word en een keer 'n week gedurende die somermaande.
- Kontroleer die sonneblom en nie die silo nie. Wanneer 'n monster geneem word, toets die saad hopie en let op na die temperatuur, vog, insekte, fungi en reukverskille van die vorige monster. Indien die hopie warm is, neem onmiddellik stappe om die saad te verskuif of te sirkuleer. Voel, ruik, of loop rondom die silo en toets die saad in die silo van verskeie posisies aan die bo-en onderkant van die silo om die toestand van die saad in die hele silo te monitor.
- Tree vinnig op om 'n probleem te stabiliseer. Indien 'n probleem aange-tref word, stabiliseer deur onmiddellik te ventileer, skuif die graan na 'n ander silo of vloer of laai oor op vragmotors en lewer aan die naaste kommersiële silo of fasiliteit vir kopers.



Sonneblom – oes, hantering en stoor

Sonneblomsaad wat nie gestoor word teen optimale omstandighede nie, kan die produsent 'n groot bedrag geld kos. Graan insekte is óf reeds in die stoor, of kan later inkom. Die volgende stappe sal help met die voorkoming van graaninsek probleme:

- Maak stoor deeglik skoon voordat dit gevul word.
- Na die skoonmaak van ou plantreste en stof en herstel van die silo, gebruik 'n sproei aan die binnekant van die silo twee weke voor dit gevul word. (Volg vervaardiger spesifikasies en onttrekkingstydperke om besoedeling vir dier of menslike gebruik te voorkom).
- Moet nie ou saad met nuwe saad meng nie.
- Kontroleer en versien die ventilasie sisteem. Vreemde materiaal kan in buise versamel en 'n teelaarde skep vir insekte en lugvloei belemmer.

Biologiese agteruitgang

Die toestand van gebergde graan word bepaal deur 'n komplekse interaksie tussen die graan, die makro-en mikro-omgewing en 'n verskeidenheid organismes, insluitend mikro-organismes soos muf, insekte, myte, knaagdiere en voëls wat dit kan aanval. Graan bied 'n goeie bron van voedingstowwe en die bederf wat veroorsaak word deur die organismes hierbo genoem, word genoem biologiese agteruitgang.

Muf

Besmetting deur muf word bepaal deur die temperatuur (minder as 0° C tot 50° C) van die graan en die beskikbaarheid van water en suurstof. Muf benut waterdamp; die konsentrasie hiervan word bepaal deur die ewewig tussen die water binne die graan (koring voginhoud) en die waterdamp in die onmiddellike omgewing van die graan.

Insekte en myte (geleedpotiges)

- Veroorsaak fisiese skade en voedingstofverlies.
- Metaboliese aktiviteit verhoog voginhoud en temperatuur van graan.
- Tree op as draers van mufspore.
- Fekale materie van insekte en myte word gebruik as 'n groei medium.
- Groter hoeveelheid gebreekte pitte verlaag stoortydperk aansienlik.



Hierdie spesiale bylaag is moontlik gemaak deur die bydrae van die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.



Sekondêre metaboliete

Sekondêre metaboliete is dié verbindings wat deur lewende organismes geproduseer word, insluitende muf, wat nie noodsaaklik is vir groei nie, maar uiters giftig is vir diere, mense en plante.

Hierdie "mikotoksiene" is sedert 1961 uitvoerig bestudeer toe 'n groep hoogs toksiese *Aspergillus flavus* giftowwe, die "aflatoxinen" geïsoleer is. Enige aktiviteit wat die stabiliteit van 'n ekosisteem versteur, sal die produksie van sekondêre metaboliete soos mikotoksiene, skep. Hierdie aktiviteite sluit in die wydverspreide gebruik van kunsmis en plaagdoders, en kweek van hoë opbrengs en beperkte plantvarieteite.

Mikotoksiene kom voor in 'n verskeidenheid menslike en diere-siektes en by verskeie grane. Die inname van mikotoksiene kan beide akute (kort termyn) en chroniese (medium/langtermyn) vergiftiging veroorsaak, wat wissel van dood tot chroniese steurnisse van die sentrale senuweestelsel, kardiovaskulêre en pulmonale stelsels en van die dermkanaal. Sommige mikotoksiene veroorsaak kanker, mutagene en verlaag immuniteit. *Aflatoxien B* is een van die mees gevaarlike agente wat bekend is daarvoor dat dit kanker veroorsaak. 

INLIGTING AANGEPAS UIT DIE GEVORDERDE SONNEBLOM PRODUKSIE HANDLEIDING

Die belangrikheid van oesskattings

DIE NASIONALE OESSKATTINGSKOMITEE MAAK OP VERSKEIE STADIUMS GEDURENDE DIE GROEISEISOENE SYFERS BEKEND WAT 'N SKATTING GEE VAN DIE OES OP DIE LAND OP DAARDIE STADIUM. HIERDIE OESSKATTINGS SPEEL 'N BELANGRIKE ROL IN DIE BEPALING VAN DIE PRYS VAN DAARDIE OES.

Wat is oesskattings?

Graan SA besef dat oesskattings 'n baie omstrede kwessie is. Daar moet helder gedink word oor die rol en funksie van die Nasionale oesskattingskomitee voordat veranderinge voorgestel word wat 'n verdere negatiewe gevolg vir produsente kan hê.

Daar moet onthou word dat die Nasionale Oesskattingskomitee 'n skatting doen op die hele oes en nie net dit wat aangebied word vir die kommersiële mark nie. Dit is ook nie moontlik om te bepaal hoe groot die oppervlakte is wat aangeplant is nie, en ook nie die opbrengs wat verkry word nie – dit bly 'n skatting. Die kwaliteit van die skatting kan net so goed wees as diegene wat deelneem in die voorsiening van die inligting. Die grootste bron van inligting bly die produsente.

Wie is die Nasionale Oesskattingskomitee (OSK)?

Die Oesskattingskomitee (OSK) bestaan uit:

- Ongeveer 3 000 produsente wat saamwerk en hul inligting aan die komitee op 'n maandelikse basis stuur.
- Instellings met die naam van Ruimtelike Intel en Geoterra Image bepaal die gebied wat aangeplant is met die hulp van satellietversending.
- Die LNR-Instituut vir Graangewasse, sowel as die Kleingraaninstituut wat werk op statistiese data in samewerking met die produsente.
- Verteenwoordigers van die Provinsiale Departemente van Landbou

wat inligting oor die status in die produksie gebiede gee.

- Agri besighede het hul eie oesskattings in hul gebiede. Hierdie inligting word gegee aan die NOK, maar hul verwagte areas geplant word nie gebruik in die begroting nie.
- Die Direktoraat van Landbou Statistieke van die Nasionale Departement van Landbou wat die inligting versamel, verwerk die data en maak die amptelike skattings.

Die volgende is belangrike vrae:

- Indien die OSK ophou met ramings, sal daar nie meer nasionale oesskatting gedoen word nie? Die antwoord hierop is nee, omdat ander organisasies ramings sal maak en dan sal dit nie duidelik wees wie se ramings korrek is.
- Is die OSK onafhanklik of word dit gemanipuleer word deur rolspelers in die bedryf? Dit is baie moeilik vir enige individu om die OSK te manipuleer, want daar is 'n aantal onafhanklike rolspelers wat almal bydra tot die suiwerheid van die inligting.

Wat is Graan SA se opinie?

Graan SA glo dat:

- 'n Onafhanklike, akkurate en tydige oppervlak en oesskatting noodsaaklik is vir die korrekte funksionering van graanmarkte.
- Produsente, die Nasionale Oesskattingskomitee en ander rolspelers moet saamwerk om dit te bereik.
- Die lede van Graan SA en al die ander produsente en rolspelers moet aangemoedig word om die korrekte inligting konsekwent te gee.

JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE



Fokus op Uphuzane Studiegroep

Studiegroep naam

Uphuzane studiegroep.

Waar is die Uphuzane studiegroep geleë?

Uphuzane is geleë ongeveer 25 kilometer van Paulpietersburg af in die Noordelike deel van KwaZulu-Natal, reg langs die Bivane Rivier. Dit is 'n baie landelike gebied met 'n swak infrastruktuur en die produsente het 'n gebrek aan vaardighede en kennis om volhoubaar en onafhanklik te kan boer.

Lidmaatskap van die groep

Die studiegroep bestaan uit manlike en vroulike produsente wat baie gretig is om te leer en hul inkomste te verbeter, hul lewensstandaard te verbeter en beter gebruik te maak van hulle natuurlike hulpbronne.

Bewerkbare grond beskikbaar

Op die oomblik maak die produsente gebruik van ongeveer sewentig hektaar bewerkbare grond, maar daar is nog baie braak grond beskikbaar.

Wat is die rede vir onbewerkte lande?

Die redes vir hierdie onbewerkte grond is hoofsaaklik finansiële, omdat dit kommunale grond is en finansierders huiwerig is om geld uit te leen. Nog 'n probleem is meganisasie, die gebrek aan trekkers en implemente.

Hoe gereeld kom die studiegroep bymekaar?

Die studiegroep vergader een keer per maand om probleme te bespreek en hoe om gebruik te maak van hul beperkte hulpbronne.

Wat is die voordele om deel te wees van die studiegroep?


My verbasing was groot toe ek uitvind dat produsente reeds met groot sukses gebruik gemaak het van moderne produksiepraktyke (geen-bewerking) in die 2009/2010 seisoen. Gedurende die huidige seisoen het hulle selfs die gebruik van geen-bewerking mielies met nog groter sukses verhoog. Hulle bereidwilligheid om te verander van die ou metode van mielies plant na die moderne manier, bewys dat hulle nie weerstand bied teen verandering nie en dat die opleiding en ontwikkeling vrugte dra. (*Walala Wasala – if you snooze, you lose*).

Produsente vind dat hulle baie inligting en kennis bekom deur deel te wees van 'n studiegroep en deur bywoning van boeredae. 'n Ander manier om baie ondervinding op te doen, is deur die gebruik van proefpersele om produsente die regte en moderne manier van mielies plant te wys.

Is daar enige interaksie tussen die studiegroep en die kommersiële landbousektor?

Daar is interaksie tussen die lede van die studiegroep en plaaslike kommersiële produsente, maar die afstand tussen hulle en die kommersiële produsente is regtig 'n uitdaging. Die studiegroep het 'n goeie verhouding met die Departement van Landbou en die kommersiële produsente in die gebied.

JURIE MENTZ, PROVINSIALE KOÖRDINEERDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE





Leer ken...

Victor Mahlinza

SIBONGILE VICTOR MICHAEL MAHLINZA IS GEBORE IN ESTCOURT OP 14 JULIE 1961 EN HET GROOTGEWORD IN DIE NTABAMHLOPHE (WIT BERG) AREA. HY HET SY PRIMÊRE OPVOEDING IN 1968 OP KORENVELD PRIMÊRE SKOOL BEGIN. IN 1976 WOON HY DIE MTSHEZI HOËRSKOOL BY, WAAR HY GRAAD 11 IN 1982 SLAAG.

In 1983 het hy besluit om in Johannesburg te gaan werk, en werk as sekretaris by 'n konstruksie kontrakteur vir een jaar. Daarna werk hy as 'n stoorman by 'n chemiese maatskappy in Johannesburg tot 1986. Van 1987-1988 was Victor in diens van M & L Distributors as 'n vragmotorbestuurder. Van 1989 tot 1995 is hy subkontraakteur vir AMCA Konstruksie vir die aflewering van produkte. Gedurende 1996 wou Victor boer en is hy terug huis toe. Hy begin boer en gebruik osse om sy bewerking te doen. Hy koop sy eerste trekker in 2003.

Familie

Victor is getroud met Linah en hulle is geseë met vyf kinders, drie dogters en twee seuns. Fikile (26) het twee kinders. Sizwe (19) voltooi graad 12 in Pietermaritzburg by Zakhe Landbou Kollege en voltooi 'n groentekursus by Buhle Kollege in Delmas en werk tans saam met Victor op sy plaas. Zandile (15) is in graad nege in Abantungwa Hoërskool en Mpumelelo (11) is in graad vier in Mathamo Primêre Skool.

Victor is ook verloof aan Norah en hulle het drie kinders, een seun en twee dogters. Ayanda (24) voltooi graad 12 in Mtshezi Hoërskool en verwerf 'n N3 sertifikaat in Siviele Ingenieurswese aan Berea Tegniese Kollege in Durban. Ayanda werk ook saam met sy pa op die plaas. Sy twee dogters, Thakasile (20) is tans in graad elf in Abantungwa Hoërskool en Bongeka (12) is in graad ses in Mathamo Primêre Skool.

Victor het twee trekkers, 'n Massey Ferguson 440 4 x 4 en 'n Massey Ferguson 5465 en besit ook 'n Colt 2,8 motor. Hy gaan baie bereik in boerdery, want hy het grootgeword in 'n boerdery-omgewing. Hy het visie en is mans genoeg om die uitdagings van 'n produsent die hoof te bied.

Hoe gaan hy sy gewasse finansier?

Victor maak nie gebruik van 'n finansierder nie, maar finansier sy eie gewasse, wat tans 'n probleem vir hom is, omdat hy hoofsaaklik kommunale grond gebruik en ongeveer vyftien hektaar bewerkbare grond van 'n kommersiële produsent huur.

Waar kry hy sy insette?

Hy koop al sy insette van TWK in Winterton en koop sy chemikalieë van Farmers Agri-Care in Winterton. Victor koop saad direk vanaf Pannar en Monsanto en is baie tevrede met die diens wat die insetverskaffers bied.

Wat is die rol van die Regering in die landbou en hoe vervul hulle dit?

Victor sien die rol van die Departement van Landbou in sy area as baie positief omdat hulle hom goeie ondersteuning gee en voel dat die Departement van Landbou sy rol vervul. Die plaaslike Departement van Landbou het die produsente gehelp om geelmilies te plant vir die SAB. Sy sukses in die landbou kan toegeskryf word aan goeie beplanning en baie harde werk.

Wat sien hy as 'n bedreiging vir sy vordering en sukses?

Hy voel sy grootste bedreiging vir sy vordering, is die finansiering van sy oes reg deur tot by die bemaking stadium. Arbeidskoste is ook vir hom 'n groot bron van kommer.

Watter aspekte van sy boerdery sou hy graag wou verbeter?

Victor sou graag wou verbeter op sy vee-en bokboerdery, omdat hy dit sien as 'n baie belangrike faktor om sy gewasboerdery te stabiliseer. Sy oorlewingstrategie vir hierdie jaar is diversifisering; daarom plant hy mielies, droë bone, groente en sigorei onder kontrak vir Nestle.

JURIE MENTZ, PROVINSIALE KOÖRDINEERDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE



PULA IMVULA

Die publikasie word maandeliks gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.

GRAAN SA

Posbus 88, Bothaville, 9660
► (056) 515-2145 ◀
www.grainsa.co.za

PROGRAMBESTUURDER

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀

SPECIALIS: OPLEIDING & ONTWIKKELING

Willie Kotze
► 082 535 5250 ◀

SPECIALIS: VELDDIENSTE

Danie van den Berg
► 071 675 5497 ◀

VERSPREIDING: PULA-IMVULA

Debbie Boshoff
► (056) 515-0947 ◀

PROVINSIALE KOÖRDINEERders

Daan Bosman
Mpumalanga (Bronkhorstspuit)
► 082 579 1124 ◀

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀

Tonie Loots
Noordwes (Zeerust)
► 083 702 1265 ◀

Jerry Mthombathi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀

Lawrence Luthango
Oos-Kaap (Mthatha)
► 083 389 7308 ◀

Jurie Mentz
KwaZulu-Natal en Mpumalanga
► 082 354 5749 ◀

Ian Househam
Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ◀

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► (018) 468-2716 ◀
www.infoworks.biz



PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Ons poog om die beste maandelike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.

Beheer ongewenste onkruidsaad by mielies

OESTYD KOM NADER EN DAAR IS NOG 'N AANTAL LANDE WAT VOL ONKRUID IS. SOOS ONS MEERMALE TEVORE BESPREEK HET, IS ONKRUID DIE VYAND VAN DIE PRODUSENT.

Een van die belangrikste aspekte van graanproduksie, is die beheer van onkruid. Die teenwoordigheid van onkruid in gewasse kan nadelig wees vir baie aspekte, veral ten opsigte van oesverlies en besmetting van die saad. Met 'n wêreldtekort aan eetbare graan, kan ons nie bekostig om graan te verloor as gevolg van besoedeling deur onkruidsaad nie. Kakiebos saad kan nie toegelaat word in mielies nie, aangesien dit lei tot 'n reuk wat onaantoonbaar is vir beide mens en dier. Volgens die wet op die verbetering en suiwerheid van saad, word sekere sade by mielies verbied. Volgens hierdie wet, byvoorbeeld, kan daar selfs nie een olieboom (*Datura*) saad in 'n vrag mielies wees nie. Olieboom is uiters giftig vir die mens en talle gevalle van vergiftiging is aangeteken.

Een van die mees belangrike lesse wat geleer word in terme van onkruidbeheer, is om die oorsake van besoedeling te voorkom. Mielies wat nie besmet is nie, is die resultaat van goeie bestuur van die mielie-oes, eerder

as sporadiese pogings om onkruidbeheer toe te pas.

Goeie boerderypraktyk sluit die volgende in:

- Die verbetering van grondvrugbaarheid (sekere onkruid gedy in swak, onvrugbare grond);
- Die gebruik van goeie, skoon saad tydens planttyd;
- Maak seker dat naburige gebiede nie 'n bron van onkruidsaad is nie;
- Goeie gebruik van onkruidbeheer metodes om onkruid vroeg in die seisoen te voorkom, sal kompetisie met die plant vir vog en vrugbaarheid voorkom en verhoed dat saad later besoedeling veroorsaak;
- Indien die onkruidbeheer vroeg in die seisoen nie voldoende was nie, moet die onkruid uitgekapt en uit die land verwyder word voor oes. Dit sal verhoed dat die sade met die mielie-saad meng; en
- Indien groot onkruid verwyder word nadat hulle saad geskied het, word dit aanbeveel dat dit verbrand word, om te voorkom dat hulle ontkiem in die volgende seisoen.

Onthou dat 'n goeie oes baie saad vereis – baie skoon saad!



DR JEANETTA SAAYMAN-DU TOIT (LNR-IGG, POTCHEFSTROOM)

